# S.A. SUIDPOOLMANNE WORD IN SOMERSON GEBREI

MENSE wat graag saam met 'n navorsingspan na Antarktika wil gaan, sal minder geesdriftig wees as hulle weet wat vir hulle voorlê nog vóór hulle vertrek. Vra maar vir lede van SANAE 9, die Suid-Afrikaanse navorsingspan wat op 29 Desember na die koue suide vertrek. Reeds van 27 November af is die sestien lede van die span in en om Pretoria onder hande geneem. Hulle moet voorbereid wees op wat vir hulle wag, sê amptenare van die Departement van Vervoer onder wie se vlerke die negende Antarktiese ekspedisie na Suid-Afrika se basis in die suidpool vertrek.

Die Departement van vervoer maak geen grap as hy so sê nie. Wanneer die sestien mans aanstaande Vrydag die R.S.A. bestyg, sal hulle saam die spreekwoordelike sak sout opgeëet het. Van vroeg tot laat het hulle in die skroeiende Transvaalse son swaar kaste rondgedra, berg geklim, oefeninge gedoen, brande geblus. As dit maar al was, sal lede van die span sê. Sewe dae lank is vir elkeen van die span 'n netjiese voorskootjie aangebind.

Onder toesig van huishoudkundiges van die Departement van Landboutegnese Dienste het hulle potte vol kos gekook, want sien, daar gaan geen kok saam met die span nie. Veertien maande lank gaan hulle beurte maak om kos te kook. Elkeen kan, as die nood dreig, 'n eier in die pan gooi, maar in die onherbergsame Suidpoolgebied sal die manne gou na ma en vroutjie se kos verlang as hulle moet leef van eiers wat gou in die pan gegooi is.

Veral omdat hulle nie gaan piekniek maak nie, maar baie hard gaan werk, is gebalanseerde maaltye van die grootste belang, sê die mense van Vervoer. Nadat hulle onder die huishoudkundiges deurgeloop het, eindig hul kook-repertoire nie by vleis en stampmielies nie. Vrugtekoek en tuisgemaakte lekkers is vir hulle kinderspeletjies en waarvoor moes hulle die swaar kaste ronddra? Daar gaan geen dokwerker saam met die span nie en wanneer hulle by Antarktika land, moet hulle binne vier dae self sowat 250 ton voorrade van die R.S.A. aflaai. Die meeste van hulle is navorsers wat gewoond is aan kopwerk, maar lank reeds handearbeid nie meer op sy voornaam noem nie.

**Deur JAN DE BEER**

Daarom is hulle gewys hoe om swaar kaste en brandstofkonkas op te tel en te dra sonder dat die rugspiere in die slag bly. Wanneer die skip afgelaai word, werk hulle skofte van 12 uur. Om seker te maak dat hulle liggaamlik fiks genoeg is daarvoor, het hulle deelgeneem aan die S.A. Federasie vir Jeug en Sport se fiksheidstoetse. By die Militêre Mediese Instituut is elkeen van hulle van kop tot tone ondersoek. Die mediese ondersoek wat hulle ondergaan het is soortgelyk aan die ondersoek wat voornemende vlieëniers van die Lugmag ondergaan. Die eerste ambulans terug van Antarktika af is eers oor veertien maande, maar gelukkig is 'n opgeleide geneesheer lid van die span. Dr. H. Rode sal nie net omsien na die res van die span se gesondheid nie. Tandstopsel val in die koue glo gouer uit as in normale omstandighede. Hy het X-straalfoto's laat neem van al die lede se tande. Wanneer hulle terugkom, sal die tande weer afgeneem word om te sien wat die koue se invloed was.

Die manne speel nie net proefkonyn nie, hulle is ook filmsterre. Die Nasionale Filmraad, wat ook drie van die foto's op hierdie bladsy geneem het, maak 'n prestige-film oor Suid-Afrika se navorsingswerk in Antarktika. Vir dié doel was die manne van die begin van hul opleiding af kort-kort voor die kameras. Die Filmraad stuur twee fotograwe saam met die span. Hulle sal saam met SANAE 8, die span wat nou daar is, terugkom. Die film, wat in kleur sal wees, word veral gemaak vir verspreiding in die buiteland.

Die leier van die span, mnr. D. Joubert, is voorberei om die leisels deeglik vas te hou. Die opleidingsafdeling van die Staatsdienskommissie het hom veertien dae lank onder hande geneem en hom vertel hoe hy sy manne moet beheer. Daarna het die hele span ook 'n kort kursus in bestuur en beplanning gevolg.

Die huidige basis by Antarktika is in 1962 op 'n drywende ysbank gebou. Sedertdien het dit so toegewaai dat die geboue nou sowat 30 voet onder die sneeu is.

Omdat die geboue van hout is en die lug baie droog, is brande een van die grootste gevare. As in ag geneem word dat die geboue self onder die sneeu begrawe is, kan begryp word dat die mense binne-in in geval van 'n brand maklik kan verstik in die rook. Die Departement van Vervöer het dit in gedagte gehou toe die opleidingsprogram opgestel is. Die Pretoriase brandweer het hulle gewys presies hoe mens 'n brandblusser gebruik. 'n Groot vuur is vir dié doel aangesteek en geblus.

Noodhulp was ook 'n baie belangrike afdeling van hul opleiding. As een van hul makkers in rook sou stik, sal hulle weet hoe om mond-tot-mond-asemhaling toe te pas.

Vóór die sestien lede van die span finaal gekeur is, moes hulle in 'n baie streng sielkundige toets slaag. Rekrute wat hulle sosiaal, geestelik of andersins nie by die omstandighede sal kan aanpas nie, is afgekeur.

Een van die manne wat saamgaan, mnr. D. P. J. Smith, gaan die onaangename taak hê om die span fiks te hou. Hy is 'n fisioloog en sal veral ook sorg vir ontspanning. Vir die eerste keer kan lede van 'n Antarktiese ekspedisie vanjaar self hulle leesstof uitkies wat hulle wil saamneem. 'n Tak van die Transvaalse Provinsiale Biblioteek gaan op Antarktika geopen word en SANAE 9 se manne het self die boeke gekies wat hulle daar wil hê.

Die span bestaan uit mnre. Joubert (die leier), J. S. Smith (geomagnetikus) — albei was voorheen op Antarktika — F. C. Clements, G. P. de Beer en H. J. Aucamp (weerkundiges), A. P. H. Aucamp en B. R. Watters (geoloë), G. J. Scholtz en M. H. Williams (fisici), D. E. Bosman (landmeter), J. W. Grobbelaar (radiotegnikus), W. J. van Zyl (radiobediener), W. B. Meyer en C. A. Spencer (dieselwerktuigkundiges), D. P. J. Smith (fisioloog) en dr. Rode.

By Suid-Afrika se basis op Antarktika is vier groot masjiene wat krag opwek. As die masjiene gaan staan, sal 'n chaotiese toestand ontstaan. Daarom gaan mnre. Meyer en Spencer saam. Net mnre. Meyer en Van Zyl is getroud.



**Voordat lede van 'n antarktiese span gekies word, hulle aan baie streng mediese toetse onderwerp. 'n ter van die Militêre Mediese Instituut voer hier 'n op mnr. W. B. Meyer, dieselwerktuigkundige**





**Só is die manne gebrei voordat hulle gereed was om na Antarktika te vertrek. Op die foto heel bo beur twee spanne teen mekaar sodat die manne sterk kan word om sleë vol voorrade oor die ys te sleep. Op die onderste foto leer die manne hoe om swaar kiste voorrade te dra sonder om hulself te beseer. Op Antarktika sal hulle self hul 250 ton voorrade moet ontskeep.**



**Die manne by die Suidpoolbasis sal hul eie kos moet kook. Daarom was kookkuns een van die dinge wat vóór die tyd onder die knie moes kry. Die drie wat hier kyk of die lekkergoed wat hulle gemaak het al taai g is, is van links na regs mnre. J. Grobbelaar, radiotegnikus, F. Clements, hoof-weerkundige, en D. Joubert, van die span. Links staan 'n huishoudkundige van die Departement van Landboutegniese Dienste wat die m leer kook het.**